



Gemeentenuus

22 Februarie 2026

Hierdie week in die Gemeente

Spes. Deurkollekte: Senior Bediening

- 08:20 Jeugdiens: Kerk
Ds. Francois Taljaard
- 10:15 Erediens: Kerk
Ds. Francois Taljaard
- 10:15 Erediens: Huis Stilbaai
Ds. Braam Zwiegelaar

Sinodale Deurkollekte:

Hierdie week se Spesiale Deurkollekte word opgeneem vir ons Senior Bediening.

Indien u 'n bydrae wil maak kan u dit per EFT of SnyScan oorbetal.

Merk asb. u bydrae:
"Senior Bediening"

LERAARS: SPREEKKAMER

Ds. Francois Taljaard sal hierdie week by die spreekkamer aan diens wees.

Indien u 'n afspraak wil maak, skakel ons gerus by die kerkkantoor by 028) 754 1705 of stuur 'n Whatsapp boodskap na 072) 043-6057.



LERAARS: DAGBOEKE

Ons leraars se dagboeke word deur die kerkkantoor bestuur. Indien u 'n besoek deur 'n leraar benodig of weet van iemand wat nodig het dat die leraar hulle moet besoek, skakel gerus vir Tersia by die kerkkantoor om 'n afspraak te reël.

Volgende week

Spes. Deurkollekte: Sendingfonds

- 08:20 Jeugdiens: Kerk
Ds. Vian Louw
- 09:30 Erediens: Jongensfontein
Ds. Braam Zwiegelaar
- 10:15 Erediens: Kerk
Ds. Vian Louw
- 10:15 Erediens: Huis Stilbaai
Ds. Maans van Lill

PROGRAM VIR DIE WEEK

MAANDAG: 23 FEBRUARIE

17:00 Kooroefening by die kerk

DINSDAG: 24 FEBRUARIE

10:00 Vergadering: Bediening vir Finansies by die kerk.

WOENSDAG: 25 FEBRUARIE

10:00 Voorbidding by die kerk

VRYDAG: 27 FEBRUARIE

09:00 Senior Bediening Ontbyt by die kerk

Indien u van adres of persoonlike inligting verander het, kontak asb. die kerkkantoor sodat ons u inligting kan updateer.



VERGADERING: BEDIENING VIR FINANSIES

Hierdie bediening vergader op **Dinsdag, 24 Februarie 2026** om 10:00 by die kerkgebou. Ons vra u voorbidding vir hierdie vergadering, aangesien dit ook 'n Begrotingsvergadering sal wees.



ONDERSTEUNINGSPROGRAM VIR 2026

- ◆ Ons begin DV. op **22 Februarie 2026** met ons eerste aanbieding, wat 'n bekendstellingsgeleentheid vir alle belangstellendes sal wees.
- ◆ Die eerste aanbieding van die 13 weke program begin dan op **1 Maart 2026**.
- ◆ Die 18 deelnemers van 2025, wat die program voltooi het, getuig met lof van die waarde wat die program vir hulle gehad het.
- ◆ Hierdie program wil ondersteuning bied aan almal wat 'n geliefde deur die dood verloor het. Die uitnodiging is ook aan mense wat nie lidmate van ons gemeente is nie.

Vir meer inligting kontak gerus vir ds. Francois Taljaard by 061 460 6404 of Francois Jonker by 082 443 8299.

KERKRAADS-VERGADERING

Daar word DV.
op **Dinsdag, 10 Maart 2026**
om 18:30, 'n

Kerkraadsvergadering gehou
in die kerkgebou.

Ons vra asb. u voorbidding vir
hierdie vergadering.



Met Leedwese

Ons harte gaan uit na die
familie en vriende van:

Una Gilliland

wat oorlede is. Ons bid die Here se krag
en vertroosting oor haar familie in hierdie
baie moeilike en hartseer tyd.





VOORBIDDING

Die Bybelgenootskap vra spesiale voorbidding hierdie week vir die volgende lande:

Kongo (Brazzaville): Die Kongolese Bybelalliansie transkribeer tans die Nuwe Testament in braille. Dit sal God se Woord vir blindes toeganklik maak en hulle geestelik verryk, terwyl dit inklusiwiteit bevorder. Bid vir befondsing, 'n gladde publikasieproses en dat hierdie werk lewens sal transformeer.

Kongo (Demokratiese Republiek):

Die inwoners van hierdie land ly onder die gevolge van dekades se konflik, armoede en verplasing. Bid vir die Bybelgenootskap se programme wat toegang tot Bybel-materiaal, asook traumagenesing en geletterdheid onder die jeug bevorder.

Tanzanië: Gevangenisgevaar groot trauma, misdaad en verwaarloos. Die Bybelgenootskap poog om oor die drie jaar 10 500 Swahili Bybels aan gevangenes te voorsien, 50 predikante in traumagenesing op te lei en 25 genesingsgroepe te vorm. Bid vir voldoende fondse en vir aktiewe Bybelbetrokkenheid onder die gevangenes.

Burundi: Burundi ervaar voortdurende ekonomiese uitdagings en politiese onstabielheid. Die Bybelgenootskap poog om deur Bybelverspreiding, asook geletterdheids- en traumagenesingsprogramme hoop en versoening in gemeenskappe te bevorder. Bid vir vrede, stabiliteit en volgehoue bediening.

SAKKIE VIR 'N PAKKIE KOSPROJEK

Badisa, in samewerking met 'n omgegroepe van die N.G. Kerk Stilbaai, het die *Sakkie vir 'n Pakkie Kosprojek* 'n hele paar jaar gelede begin. Hierdie projek werk so:

In die voorportaal van die kerk, kerkkantoor en by Badisa se kantoor in Melkboomstraat, sal u sakkies vind. U neem 'n sakkie. Binne-in die sakkie is 'n papiertjie met die name van slegs een of twee items. U gaan koop die items, plaas dit in die sakkie en bring die sakkie terug na die kerk, kerkkantoor of Badisa, waar u dit in die beskikbare mandjies plaas.

Indien u eerder 'n geldelike bydrae wil maak, kan u dit by Badisa self inbetaal.

Kospakkies word opgemaak vir behoeftige gesinne. Dit is 'n baie verdienstelike projek en ons het elkeen van u se hulp dringend nodig. Help ons asseblief om 'n verskil te maak!



BAAIJA VIR BIEKIE LIEFDADIGHEIDSWINKEL

Badisa bedank u opreg vir u skenkings van klerasie, beddegoed en ander artikels aan ons liefdadigheidswinkel, Baaija vir Biekie. Ons word geseën as gevolg van u ondersteuning!

Die winkel benodig tans die hulp van 'n vrywilliger wat die personeel kan bystaan spesifiek op 'n Vrydagmiddag vanaf 1nm tot 4nm. Indien u hierdie tydjie beskikbaar het en graag van diens wil wees, kontak asb. vir Badisa by 028 754 2203



SAM

SAM wil 'n verskil maak in Stilbaai. Help ons om die wat eensaam is te bereik of kom dêps 'n ouma of oupa.

Ons het jou hulp ook nodig om deernispakkies te maak. Help ons planne maak om behoeftiges by te staan.

SAM vra: Weet jy wie jou bure is? Weet jy wie in jou omgewing swaarkry? Kom ons maak dié jaar 'n verskil in Stilbaai.

Sluit by ons aan, maar wees elke dag 'n Samaritaan, net daar waar jy is!

Kontak gerus vir Anwyn Dreyer by 074 602 5295 vir verdere inligting

AFKONDIGINGS

Indien dit vir u moeilik is om ons Gemeentenuus elektronies te lees of te ontvang, is u meer as welkom om weekliks 'n harde kopië by die Kerkkantoor te kom afhaal. Die Gemeentenuus is reeds vanaf die **Vrydag** vóór die Sondag gereed vir afhaal.

Leraars Besonderhede:

Ds Francois Taljaard, tel. 061) 460-6404 (Kloof & Platbos)
Ds Vian Louw, tel. 074) 131-7967 (Almal 50 jaar & jonger)
Ds Mauritz Heyneman, tel. 071) 159-9525 (Suidsee & Oewer (Stilbaai Oos en Plase Oos))
Ds Schalk Kotzé, tel. 083) 655-7930 (Hawe & Jftn)
Prop. Deona Aucamp, tel. 082) 470-8144 (Brug & Rivier)

Bank Besonderhede

Nedbank
Rek. Naam:
N.G. Kerk Stilbaai
Rek. Nr. 1626-522-391
Takkode: 198-765

Kerkkantoor Inligting

Pastoriestraat 15, Stilbaai, 6674
Posbus 23, Stilbaai, 6674
Tel nr. (028) 754-1705
Faks nr. (028) 754-2827
Epos: lydiaheyns@ngkstilbaai.co.za
admin@ngkstilbaai.co.za

LEEF LOGOS



Hou hierdie spasie gerus dop vir die datum wanneer hierdie Bybelskool onder leiding van Ds. Francois Taljaard weer begin.

EERLIKHEIDSTAFEL

Benodig items!!!

Ons gewilde Eerlikheidstafel is weer op dreef in die binnehof by die kerk. Ons items is op die oomblik **baie min** en daarom vra ons dat u asb. bruikbare items, waarvan u dalk ontslae wil raak, vir hierdie deurlopende fondsinsamelingsprojek sal skenk. **GEEN** CD's asb.

U is welkom om dit gedurende kantoorure by die Kerkkantoor af te gee.

Almal is baie welkom om **Maandae tot Vrydae vanaf 09:00 - 12:00** lekker te kom snuffel en te koop.

